wat pas by die Pretoria-balie begin praktiseer het nadat hy sy pupilskap voltooi het. Onder die jongste toevoegings is drie pupille wat pas met pupilskap begin het: Wihan Botha (seun van Theuns Botha), Stefan Maritz (seun van Mike Maritz SC en broer van Nicky Maritz) en Colin Rip (seun van Mervyn Rip SC).

Jaco Bam (seun van Bert Bam SC) wat aan die einde van 2004 sy loopbaan by die Balie onderbreek het om in Frankryk te gaan rugby speel, het aan die einde van 2005 weer voltyds by die Pretoria-balie begin praktiseer na 'n suksesvolle en onvergeetlike jaar in die buiteland. Hy het onder kontrak rugby gespeel by die Saint-Nazaire rugbyklub aan die weskus van Frankryk. Dit is geleë naby die stad Nantes. Hy het die tyd in Frankryk goed gebruik en heelwat getoer. Hy was onder meer sewe keer in Parys, Bordeaux en Lyons, en het ook vakansie gehou naby Marseilles.

Russian connection

The Pretoria Bar can indeed be proud of the wide cultural diversity of its members and now also boasts the addition of three members of Russian descent. Sigrid Tjijorokisa successfully passed her Bar exam at the end of 2005 and is now a practising member of the Bar. Anna Granova and Natalie Ondrejikovic-De Beer are included in the 47 new pupils who began pupillage on 16 January 2006.

Acting appointments

The following members held acting appointments during the period October 2005 to March 2006: Piet de Jager SC, Piet Ebersohn (Swaziland), Mac Jooste SC, John Mullins SC, Brenda Neukircher, Cynthia Pretorius, Johan Stroh SC, Ben Swart SC, Regent Tokota, Ronel Tolmay SC, Kobus van Rooyen SC, Japie Vorster SC, and Don Williams SC. 🕮

Noord-Kaap

Bygedra deur Japie Schreuder

Regbank

Die posisie rakende regters in ons afdeling het redelik gestabiliseer. Daar was ses regters en ook 'n waarnemende aanstelling die afgelope jaar. Van Niekerk SC sal gedurende die tweede termyn waarneem as regter.

Baliedinee

Die jaarlikse Baliedinee wat op 2 Desember gehou is, het soos gewoonlik gesorg vir 'n baie aangename samesyn van regters en advokate. Goeie staaltjies eie aan die regspraktyk is vertel. Die maand Desember bly maar die beste tyd vir so 'n funksie. Dis asof almal die geleentheid wou gebruik om die stof van die jaar se gedingvoering op 'n ontspanne manier af te skud.

Lede

Hoewel die Vereniging se ledetal klein is, lewer dit tog 'n diens aan die gemeenskap deur sy aktiewe betrokkenheid. So byvoorbeeld dien sommige van ons lede in skoolbeheerliggame en tugkomitees. Die Griekwaland-Wes Rugby-unie baat in die besonder by ons lede se hulp met tugverhore en appèlle. 🕮

Vrystaat

Bygedra deur Germa Wright

Die einde van 2005 het 'n wisseling in ons ledetal teweeg gebring. Twee gewaardeerde lede van die Balie het ons verlaat en ander weivelde opgesoek.

Corné van Zyl is permanent aangestel as regter op die Vrystaatse regbank. Ons is nie alleen verheug dat daar weer 'n aanstelling uit (eie) Balie-geledere gedoen is nie, maar dit kan nie skade doen nie om nog 'n vrou op ons regbank te hê (daar is tans twee vroulike regters in die Vrystaat).

Hokkie Schreuder het besluit om hom in Ladybrand in die Oos-Vrystaat te gaan vestig en sy seun by te staan in laasgenoemde se prokureurspraktyk. Hugo Amos Lambrecht Schreuder se loopbaan in die reg het reeds verskeie draaie geloop. Hy was aan die begin van sy loopbaan 'n staatsaanklaer en hy het vroeër ook al as prokureur praktiseer.

Hokkie het in 1981 by die Vrystaatse Balie aangesluit en het vinnig een van die mees- gerespekteerde lede van die Vereniging geword. Hy het as lid van die Balieraad gedien en het verskeie termyne as regter waargeneem. In latere jare is hy ook dikwels genader om as voorsitter in arbitrasiesake op te tree.

Hokkie sal onthou word as storieverteller van formaat. Hy het al as gas op vermaaklikheidsprogramme soos *Maak 'n Las* opgetree. Op sy kalm en droë manier het hy maklik daarin geslaag om almal in die common room aan sy lippe te laat hang. Waar Hokkie was, was daar altyd 'n gelag en geskerts (met uitsondering van 'n paar ontstuimige en hete argumente om die kaarttafel tydens middagetes). Ja, die Balie is nou definitief stiller.

Ons wens Hokkie en regter van Zyl alle sterkte toe vir die nuwe uitdagings en geleenthede wat vir hulle voorlê.

Joubert Zietsman het sy pupilskap gedurende 2005 suksesvol voltooi en praktiseer reeds volstoom.

Gedurende Januarie 2006 het drie persone met hul pupilskap begin: Pieter Venter, Abe Madolo en Jackie Steytler. Ons wens hulle (en die onderskeie mentors) alle sterkte toe vir die lang jaar wat voorlê.

Advocate

Germa Wright het bedank as *Advocate* se Vrystaatse korrespondent. Twee lede van die Balie, Zachia Eloff en Henriette Murray, is in haar plek aangewys.

Germa is aan die begin van 2000 deur die Vrystaat Balie as korrespondent vir die destydse *Consultus* aangewys. Sy het die grade BIur (1992) LLB (1995) Vrystaat behaal en is sedert 1996 lid van die Vrystaatse Balie. (Sy is tans die mees senior vroulike advokaat by dié Balie.) In 2004 was sy een van drie Suid-Afrikaners wat die 'Advanced Advocacy Training Course'in Oxford bygewoon het. 🕮